

**Skriflesing:** Hebreërs 13

Teks: **Hebreërs 13:12-13**

Sing- **Ps. 54:2; Ps. 40:3,4; Ps. 50:1,7**

**Heb 13:1** Die broederliefde moet bly.

**Heb 13:2** Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.

**Heb 13:3** Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, en aan die wat mishandel word, as mense wat self ook 'n liggaam het.

**Heb 13:4** Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.

**Heb 13:5** Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.

**Heb 13:6** Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?

**Heb 13:7** Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.

**Heb 13:8** Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

**Heb 13:9** Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie.

**Heb 13:10** Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie;

**Heb 13:11** want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand.

**Heb 13:12** Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely.

**Heb 13:13** Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra.

**Heb 13:14** Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige.

**Heb 13:15** Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n loffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.

**Heb 13:16** Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers.

**Heb 13:17** Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.

**Heb 13:18** Bid vir ons, want ons is oortuig dat ons 'n goeie gewete het, omdat ons in alles goed wil wandel.

**Heb 13:19** Des te meer vermaan ek julle om dit te doen, sodat ek gouer aan julle teruggegee kan word.

**Heb 13:20** Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode terugbring het,

**Heb 13:21** julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.

**Heb 13:22** En ek vermaan julle, broeders, verdra die woord van vermaning, want ek het ook maar kort aan julle geskrywe.

**Heb 13:23** Julle moet weet dat die broeder Timótheüs vrygelaat is, saam met wie ek julle sal sien as hy spoedig kom.

**Heb 13:24** Groet al julle voorgangers en al die heiliges. Die wat van Italië is, groet julle.

**Heb 13:25** Die genade sy met julle almal! Amen.

**Skriflesing:** Hebreërs 13

Teks: **Hebreërs 13:12-13**

Sing- **Ps. 54:2; Ps. 40:3,4; Ps. 50:1,7**

Voor die Nagmaal het ons reeds die Hebreërs-preek gesien as die boek in die Nuwe Testament wat elke keer daarop wys dat God met ons wil praat. Broeder en suster niks kan vir God se Woord weggesteek word nie. Waar God deur sy Seun praat, dit is die hoofgedagte of hoofboodskap van hfst. 1-4:13, kom die hoofboodskap in deel 2 van die preek in Hebreërs 4:12-13- *12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. 13 En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.*

Weereens God se Woord, God wat sien, God wat praat, dit is oor Hom wat alles handel. Vanaf begin tot einde. Uit die Ou Testament, dwarsdeur die Nuwe Testament moet God se spraak voorop staan. Trouens die boek Hebreërs is tussen al die Nuwe Testamentiese boeke die boek wat die meeste van die Ou Testament en Ou-Testamentiese aanhalings na vore bring. Daar is nie minder nie as 38 sulke direkte aanhalings. Uit die Pentateug m.a.w. vanaf Gen.-Deut. is daar 10 direkte aanhalings. Uit die Psalms is daar nie minder nie as 20 aanhalings. 20 uit die 38 aanhalings kom uit die Psalms En dan word hierdie Psalms in Christus aangehaal. Ons kan dit Christologiese aanhalings noem. Merkwaardig dat Hebreërs dan die Ou Testament aanhaal direk deur te sê dat GOD SÊ . Of ander kere dan sê Hebreërs- *daar is geskrywe* . Ander kere dan kom Hebreërs en sê – *dit is vervul...*

Vir die skrywer van die Hebreërs is die Ou Testament net so deel van God se Woord soos die Nuwe Testament. God praat dwarsdeur, Ou en Nuwe Testament, in beide is God se sprake ter sprake. Hy is en bly die sprekende God maar soos ons vanoggend reeds verwys het na Heb.1:1 dat God se praat deur sy Seun is die hoogtepunt. God se openbaring in sy Seun is voortrefliker. Voortrefliker as die engele, as Moses, ja teen die hele agtergrond van die Ou Testament kom Jesus Christus na vore. Hy is die samevatting van die hele openbaring van God. Hy dra die volle impak van God se sprake wat nog nooit opgehou het nie. Om God te verstaan moet ons in sy Seun na Hom luister. Die Seun van God- *Hy dra alle dinge deur die woord van sy krag... God het nie net deur Hom die wêreld geskep nie, maar die wêreld word ook deur Christus onderhou.*

Hebreërs 2 kan maar net hierby aansluit dat ons op Hom moet ag gee en moet ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie. Hebreërs 3:7 kom hierop terug met eintlik 'n mini-preek uit Psalm 95 (7b-11) - *7 Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor... verhard julle harte nie soos in die verbittering in die dag van die versoeking in die woestyn nie.* Dis só duidelik hierdie Hebreërs-skrywer ken die Ou Testament. Hy maak eintlik die Nuwe Testament in die Ou Testament opnuut nuut!

Ons kan maar Heb. 4:12 glo- God se Woord is lewend, is kragtig, is skerp, skerper as enige tweesnydende swaard, dit dring deur, van buite van binne. Dring deur en skei. Dring deur tot die skeiding van siel en gees, van gewrigte en murg. By hierdie nabetrugting weet ons dat ons niks kan wegsteek nie. God se Woord vlek alles oop.

\*\*\*

Daarom geliefdes, laat ons ons, ons ten volle oopstel vir wat met ons ook kan gebeur. Ons het vanoggend reeds verwys dat die Hebreërs-skrywer wys sy lesers op wat hy van hulle raaksien. Hulle het traag geword om te hoor (Heb.5:11). Hulle is lui en onwillig om te konsentreer, om God se Woord te wil verstaan. Is dit nie maar ook 'n gevaar in ons tyd nie. Wil net maklike gedeeltes uit God se Woord hoor. Moet ons dit nie maar by hierdie nabetrugting erken dat ons nie net by die eerste beginsels (die ABC) van God se Woord kan bly stilstaan nie.

Dit is swaar, maar dit is ook gevaarlik as mens oor jousef erken dit wat in Heb. 5:12-14 staan- *12 Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. 13 Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. 14 Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.* Ja, dit is swaar maar is ook gevaarlik.

Heb.6 wys as mens net so by melkkossies vassteek dan sal ons nooit ten volle na Christus en na die volmaaktheid in Christus kan oorgaan nie. Dis gevaarlik. Ja, Heb.6:4-6 wys die uiterste gevaar- dat hy/sy wat maar net by melkkos vassteek is eintlik nie besig om stil te staan nie, maar hulle gaan agteruit. Dit raak later 'n saak van onmoontlikheid om die Woord aan sulke mense te bly verkondig. Onmoontlik om sulke mense wéér tot bekering te vernuwe.

Dis verskriklik! Wat kan gevaarliker wees as dit wat in Heb.6:4-6 staan- Dit is niks anders nie as die sonde teen die Heilige Gees. *4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, 5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, 6 en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak .Mag ons daarvan bewaar bly-*

\*\*\*

Om hiervan bewaar te bly kom ons teksverse op 'n besondere wyse van toepassing. Ons moet bereid wees om uit ons gemaksones te kan uitbeweeg. Saam met al die groot temas in Hebreërs is die feit van Jesus se offer geweldig belangrik. As jy God mooi hoor, jy kom by die volmaakte Woord van God, dan is Christus en sy offer ter sprake. Sy offer wat baie duidelik aansluit by die offers in die Ou Testament. Ja, die volk het geweet wanneer 'n dier in die Ou Testament geoffer is, dan sterf die dier eintlik in my plek. Hierdie offer moet versoening bewerk.

Nou sê Hebreërs dat Christus is offer, maar Hy is ook Hoëpriester. Dit is baie belangrik dat Hy dit moes wees volgens die orde van Melgisedek. Hy is nie volgens die orde van die Leviete nie, maar van Melgisedek. Heb.7 wys dat Hy dan die enigste is wat 'n volmaakte en 'n ewige offer kon bring. Dit kon alleen die Melgisedek-priester wees wat dit kon bring, ja Hy kom uit daardie orde. Maar sy orde is nie net beter en ewig nie, sy testament wat Hy vir ons bring, dit sê Hebreërs 7 is ook beter. Hy is die Hoëpriester van 'n beter en 'n nuwer Testament, want Hy is Hoëpriester van 'n beter en nuwe verbond (Heb.8). Daarom dat daar net een offer van Hom nodig was. Die prys is klaar betaal.

\*\*\*

Tog is daar tussen die diere wat geoffer is en die offer van Jesus 'n volgende ingrypende verskil. Die diere is in die heiligdom geslag, daar is hulle bloed gesprinkel, maar die diere word nie geëet nie. Die karkasse van die diere wat geoffer was, is buitekant die laer verbrand. Dit word nou alles op Jesus van toepassing gemaak.

Hy is buitekant die stad, buitekant die poorte gekruisig. Die bloed van Jesus waarmee Hy vir ons betaal het en wat ons met God sou versoen het buitekant die laer geskied. So het Hy buitekant gesterf, buitekant die stad. Hy is as onrein beskou. Hulle wat Hom gekruisig het, het Hom as niks werd beskou. Al wat hulle met Hom wou doen was om Hom dood te maak.

So is Hy uitgelewer, opgehang, verlate het Hy daar gehang. Selfs sy Hemelse Vader het Hom verlaat, dit alles het Hy *buitekant die poorte gely* – (Heb13:12). Dit is die geweldige van hierdie offer, die besef waarmee ons vanoggend na die tafel gekom het. Die brood die wyn is die teken van sy liggaam, sy bloed wat so buitekant die poorte opgemors was. In alles is Hy verbrysel.

\*\*\*

Dan kom daar skielik die woord in Heb. 13:13 en dit moet ons as nabetrugting aangryp. **13** *Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra.* Dit is wat ná hierdie Nagmaal van u en my verwag word. Ons moet uit ons gemaksones uitskuif. Maak moeite met die dinge van God. Gaan uit, buitekant, bedink sy swaar, sy lyding, ja ons lewens moet lewende offers aan God wees. Rom 12:1. Daar is drie maniere hoe ons aan God deel kan kry deur in die smaad van Jesus te deel. Ons moet 'n lewe van dankbaarheid leef. Ons is baie seker dat ons niks aan Jesus se offer kan toevoeg nie. Ja, dit was die volmaakte, die afgehandelde, die eenmalige, maar nou hoor wat sê vers 15- **15** *Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n loffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.* 'n Loffer word van ons verwag. Ons lewens moet in ons erediensbywoning, in ons omgee vir mekaar, in ons meeewing, in ons kerklike bydraes, in alles soek God van jou en my 'n loffer. My lewe moet waarlik getuig van dankbaarheid en blydschap. Dit alles oor ons verlossing.

Dan bring vers 15 die volgende na vore- Saam met die loffer moet ek uitgaan, buitekant my gemaksones, as ek wil deel in die smaad van Christus, dan moet ek my nie vir Hom skaam nie. Ek moet sy Naam bely. Die Hebreërs-skrywer noem in besonder- *die vrug van die lippe wat sy Naam bely.* Mense sal maak of dit belaglik is om in die opstanding van Jesus te glo, of sy maagdelike geboorte onmoontlik is, ja dat die skepping deur en deur 'n magdaad van God was, dit moet die vrug van my lippe wees. Ja, dit moet ek bely.

Die skepping is 'n groot tema in ons tyd, maar hoe pragtig sluit dit eintlik aan by Hebreërs- God wat praat- God het gesê- maar nou kom mense en gee allerhande bewyse dat daar alleen mense kan wees uit ewolusie, uit bepaalde ontwikkelinge, dit is nie maar net God wat gesê het nie... Mag die vrug van die lippe ná Nagmaal God se skepping en die feit dat Hy alleen Skepper was, bely...

En hierdie offer wat ek en u, buitekant die laer moet bring, het ook 'n derde finale dimensie-  
 Vers 16- Dit bring die diepere smaad van Christus ook in ons na vore- *16 Vergeet die  
 weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers.* Saam  
 met ons dankbaarheid moet ons lewens getuig van barmhartigheid. U en ek moet wil gee aan  
 mense wat minderbevoorreg as ons is. Aan volksgenote, aan landsgenote, moet ek hulp wil  
 verleen. Daar is baie maniere om dit te doen. Dink maar aan Solidariteit se helpende hand  
 projek. Dit is maar één manier. Ons kry te doen met baie hulpfondse en spes. kollekte.  
 Aan kinderhuise wat ons moet help, hier in besonder die Paul Kruger kinderhuise deur ons  
 kerke verband opgerig wat deur ons gehelp moet word. Die nood rondom die bediening in  
 Zambië en die instandhouding van die offers wat daar moet aangaan. Teologiese studente  
 wat baie moeilik huis en haard bymekaar kan hou. So kan ons aangaan... Die emeritus-  
 predikante- hulle weduwees. Daar kom vers 7 ook weer na vore- *7 Gedenk julle voorgangers  
 wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle  
 lewenswandel en volg hulle geloof na.*

Wie hierin offer, is nie besig om geld in die water te gooi nie. Dit is 'n opdrag van die Here.  
*Vergeet die weldadigheid en die mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke  
 offers.* Al hierdie dinge moet gebeur waar God ons as't ware buite ons gemaksones wil plaas.  
 Dit is alles offers wat ons moet bring. 'n Lofoffer, 'n belydenis offer, 'n hulp-offer. Ek moet  
 daartoe wil bydra. Dit is offers wat die gelowiges buitekant die laer, waar hulle die smaad  
 van Christus dra, aan God moet bring. In alles word ons gedra deur Jesus wat gesê het- *Wat  
 jy aan die geringste van My gedoen het, het jy aan My gedoen...* As kerk besef ons, buitekant  
 die laer, buitekant my gemaksones is waar die nabetrugting sy werklike werksone moet vind.

AMEN